## GELOOFSVOLHARDING IS 'N MOET!

As jy van geloof praat, moet jy ook oor geloofsvolharding praat. Jou geloofsvolharding moet van *daadkragtigheid* getuig omdat dit in die geloof in God gegrond is. Volharding kan ook *standvastigheid* genoem word. Geloof en volharding is uiters belangrik ten opsigte van die praktyk van die gelowige se lewe. Telkens as jy as Christen dink of praat oor *geloofsvolharding* dan is die Satan daarby betrek. In die Satan se poging om die kerk van Jesus Christus te vernietig maak hy van twee trawante gebruik: ① die dier uit die see (Openb.13:1-10) en ② die dier uit die aarde (Openb.13:11-18). In Openbaring 13:9-10 word die gelowiges opgeroep om *geestelik wakker te loop.* Om gevangeskap of die dood tegemoet te gaan is deel van die gelowiges se lot. Hulle moet dit met geloof en volharding doen (Jer. 15:2; Jer. 43:11). Ten spyte van swaarkry tot die uiterste toe, moet die gelowiges aanhou glo en aanhou volhard. Hier is sprake van jou **standvastigheid**, jou **deursettingsvermoë**, jou **aanhouvermoë**. Dit vra van jou 'n aktiewe houding wat jou hele geloofslewe omvat. In die geloof moet jy **vasstaan** en **aanhou**. God gee die getroue gelowige die nodige krag om te kan volhard. Bid daarvoor! Jou geloofsvolharding moet sigbaar word in jou hele lewe. Jy moet in die gebed volhard (Ef. 6:19). Jy moet in die wedloop van die geloof volhard (Hebr. 12:1). Volharding beteken dat jy jou deur niks laat keer of vertraag om in alles tot eer van God te lewe nie (Pred. 12:13). So moet jy jou geloofskrag kanaliseer soos God dit in die Bybel vir jou voorskryf. En as die sonde swakheid jou wil-wil laat tou opgooi bly jy volhard deur die krag van die Heilige Gees. Deur dit wat die Here vir jou in die Woord sê word jy gelei tot volhardende geloof wat gepaard gaan met getroue Bybellees, gereelde bywoning van die eredienste en volharding in gebed. Jy moet ook weet dat jou volhardende geloof moet sigbaar word in lewensdade.

*Dr. Nico van der Merwe*



# SIMBAAL

"Prys Hom met galmende simbale"
[Psalm 150:5]

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord**
[Webadres – http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/]

Jaargang 6 | Sondag 8 Mei 2011 | Nommer 12

## MISBRUIK VAN GODSDIENS

Dit is ontstellend hoe die ANC op hierdie stadium van stemwerwing met die oog op die komende verkiesing, misbruik maak van godsdiens. 'n Aantal maande gelede is verklaar dat die lidmaatskap van die ANC die toegang tot die hemel gee. Die arrogansie van die ANC het verlede week 'n stappie verder gegaan met die verklaring dat die drieparty-alliansie (ANC, SAKP en Cosatu) die "Heilige Drie-eenheid" genoem kan word. Die blasfemie (Godslastering) bereik gruwelike dieptes waar Romeine 13 ingespan word om stemme vir die ANC te werf deur die stemgeregtigdes daarop te wys dat Paulus die Romeine oproep om die staat te gehoorsaam en die Christene derhalwe die ANC-regering moet eerbiedig. Wie die regering kritiseer of negatief beoordeel teen God se wil optree – "almal wat die ANC opponeer, opponeer dus vir God. Ons moenie opposisiepartye hê nie … want pres. Jacob Zuma is self deur God gesalf." Dit is vir almal duidelik dat hierdie party wat hom as geroepene van God voorstel 'n praktyk volg van uiterste korrupsie, bedrog, nepotisme, eie belang, magsug, leuens, diefstal en misleiding van kiesers. Die party met sy sogenaamde beroep op God se guns oortree onberoulik die wet van God en onteer die Naam van die almagtige God. As Christene kan ons hierdie praktyk nie goedgekeur nie nog daaroor swyg. Daarmee word diens aan God afgetrek tot die verderflike vlak van rou politiek. Die dade van die ANC is feitlik op alle vlakke 'n oortreding van die wil van God. Hierdie is nie 'n artikel om stemwerwing te doen nie, maar 'n getuienis van die waarheid van God se Woord teenoor hulle wat die Christelike godsdiens misbruik. God spreek sy oordeel uit oor wie Hom op hierdie wyse onteer of sy Naam misbruik vir eie gewin en eie voordeel (Jer.1:16).

*Dr. Nico van der Merwe*

# EREDIENSTE VANDAG



Dr. Sarel van der Walt

## Sondagoggend 8 Mei 2011

### GOD SE "DINAMO" IN ONS

**Lees:** Spreuke 27:1-27
Efesiërs 1:15-23
**Teks:** Spreuke 27:21
Efesiërs 1:18-20

Is jy 'n BBP ... 'n Baie Belangrike Persoon? Baie mense is só afhanklik van die lof van ander mense en daardie lof waarvoor hulle streef raak die dryfkrag agter alles. God se kinders is ook BBP's, maar ons is baie belangrik omdat God ons so gemaak het. Ons is belangrik in God se oë. Omdat God ons uitgekies het, gee Hy aan ons sy Gees om in ons harte en lewens te werk. Sy Gees is ons krag van waaruit ons leef. Dit is dieselfde kragtige werking van sy mag wat Hy Hy uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek het.

## Sondagaand 8 Mei 2011

### HOEKOM IS JY 'N CHRISTEN?

**Lees:** Matt 16:13-19,
Heidelbergse Kategismus Sondag 3 & 12
**Teks:** Matteus 16:16-17

Sondag 12 vra die vraag: Waarom word jy 'n Christen genoem? Met ander woorde, Sondag 12 gaan van die veronderstelling uit dat ons Christene is. Hoe het ons dit geword? Sondag 3 trek die lyne. Dit is die pad wat God met ons loop sodat ons uiteindelik, sonder dat ons enigiets gedoen het, sonder enige verdienste van ons kant af, Christene kan wees in die ware sin van die woord, naamlik profete, priesters en konings omdat ons in Christus ingelyf is (deel/lid van Christus is).



## VERSOEK: BYDRAES BY KOLLEKTES VIR TEOLOGIESE STUDENTEKAS

Die Teologiese Skool in Potchefstroom ontvang elke jaar met groot dankbaarheid die kollektes wat die kerke gee vir die Teologiese Studentekas. Ons weet dat die gemeentes daarmee uitvoering gee aan die bepaling van artikel 19 van die Kerkorde dat die kerke die teologiese studente moet ondersteun. Ons ontvang die kollektes egter ook as bewys van welwillendheid en liefde.

Die doel van hierdie brief is om u in te lig oor die stand en hantering van die Studentekas. In die lig daarvan rig ons dan 'n dringende versoek tot u ten opsigte van die kollektes vir die Studentekas.

1. Die Teologiese Studentekas

Die Teologiese Studentekas word geadministreer deur 'n Kommissie vir Finansiële Ondersteuning (KFO), wat saamgestel is deur personeel van beide die Teologiese Skool en die Administratiewe Buro. Hierdie Kommissie gebruik elke jaar se Studentekas-kollektes vir teologiese studente wat om finansiële ondersteuning aansoek doen. Die KFO vind dit egter moeilik om die beskikbare fondse altyd en oral met billikheid toe te ken, veral omdat die aansoeke elke jaar die bedrag van die kollektes ver oorskry. Om net 'n idee te gee: Die Studentekas-kollektes het in 2010 die totale bedrag van R815 730 opgelewer. Daarvoor is ons baie dankbaar. Die aansoeke vir 2011, wat uit hierdie kollektes befonds moet word, het in totaal egter op R2 056 000 te staan gekom. Die beskikbare fondse kan dus vanjaar in slegs 40% van die behoeftes voorsien. Die gevolg van die ontoereikende fondse vir die Studentekas was die KFO verplig om in 2011 toekennings te beperk tot die studente se registrasie- en klasgeld. Daar was nie geld om ons studente ten opsigte van verblyf en ander lewenskostes te ondersteun nie.

**Daarom doen die Teologiese Skool 'n ernstige beroep op u as kerkraad om lidmate daartoe aan te spoor om mildelik by te dra elke keer wanneer daar in u gemeente vir die Studentekas gekollekteer word.**

'n Eenvoudige sommetjie spreek boekdele: As elke belydende lidmaat in die GKSA by elk van die 6 kollektes slegs R5 bydra, dan sal ons meer as die R2 056 000 wat nodig is vir die Studentekas beskikbaar hê – genoeg om in al ons studente se behoeftes te voorsien.

Die afgelope jaar was die gemiddelde bydrae per lidmaat egter minder as R2.
Ons rig hiermee 'n pleidooi tot u as kerkraad om lidmate ernstig aan te spoor en op te skerp om ruim tot die Studentekas by te dra. Dit is noodsaaklik dat lidmate maar gedurigdeur herinner word aan die verantwoordelikheid van die kerke ingevolge artikel 19 van ons Kerkorde om nie net studente te voorsien wat in die Teologie studeer nie maar om hulle ook te ondersteun. Elke bydrae vir die Studentekas dra daartoe by dat daar in die toekoms genoeg Woordbedienaars sal wees vir die kerke maar ook om uit te gaan en die evangelie in die wêreld uit te dra.

Baie dankie vir u aandag.

Gert (Jorrie) Jordaan. Rektor TSP.

## NUUS VAN DIE KINDERHUISE

* 'n Warm dankie aan almal van u wat deelneem aan die **Pajama-Projek**! Die slaapklere is die afgelope week by die **Rethabile Kinderhuis** afgelewer. Daar was groot dankbaarheid en opgewondenheid onder die kinders.

* Baie dankie aan die 55-Plussers wat die **Brei-'n-Blok-projek** geloods het. Dit is vir kombersies vir die Kinderhuis sowel as bejaardes. Die van u wat nog die patroon wil bekom, skakel met Christa Snyman of Martie Venter.

* Twee diakens en twee ouderlinge het op12 Maart die **Paul Kruger-Kinderhuis** in **Pretoria** besoek. Dit was 'n baie insiggewende oggend. Gevolglik het die Diakonie **10 seuns** "aangeneem". Dit is die Bonsai-groep, en hul versorger is Annelie Neveling. Die diakonie is besig met 'n projek om aan al die seuns Bybels te verskaf en het reeds 'n donasie van R600 ontvang. Daar word beplan om al die Bybels van 'n byderwetse denim-oortreksel te voorsien. Nog 'n projek is om houtkassies vir elke bed se voetenent te laat maak. Die kinders het 'n behoefte daaraan om hulle persoonlike goedjies te kan bêre en toesluit.

**U KAN HELP** EN **BETROKKE RAAK** deur voorbidding vir die kinders te doen, asook deur skenkings. Hulle het die volgende wenslysie aangestuur:

1. Vakansie- en naweekouers
2. Goeie verekussings
3. Sakkies vir toiletware
4. Drie waaiers wat teen die muur gemonteer kan word
5. Nege plastiese stoele sonder armleunings vir studeertafels
6. Briefies en pakkies ter aanmoediging tydens eksamentye
7. Beskuit en koekies om aan te smul tydens studiebreke
8. Wintersklere (vir seuns van 9, 10, 11, 12, 13, 14 en 19 jaar

**Kontakpersone:**
Hanlie Mocke 083 777 8340
Martie Venter 073 826 3526



## BYBELVERSPREIDING – VERSLAG 2010

Die gemeente het in 2010 die volgende bedrag vir Bybelverspreiding bygedra:

- Bydraes in koeverte van die wyke **R 3460.00**
- Kollektes by deure **R 1703.00**
- Muntlegging 30 Oktober 2010 **R 2145.00**
- Donasie vanaf diakonie **R 5750.00**

TOTAAL: **R13058.00**

Dit beteken dat die gemeente gemiddeld **R 35.97** per lidmaat vir Bybelverspreiding bygedra.
Danksy die donasie van die Diakonie kon ons eindig by R35.97 per lidmaat. Ons dank aan die Diakonie. Ons dank teenoor ons Hemelse Vader wat dit vir ons moontlik gemaak het.

## BYBELVERSPREIDING – PROGRAM VIR 2011

Die program vir fondsinsameling vir Bybelverspreiding vir 2011 is:

- Op 15 Mei 2011 is daar 'n **kollekte** tydens die erediens.
- Op 30 Oktober 2011 sal daar 'n **kollekte** asook 'n **muntlegging** wees.
- **Koeverte** sal met huisbesoek in Augustus DV deur die ouderlinge uitgedeel word met die oog op die insameling van bydraes vir Bybelverspreiding voor die nagmaal van 28 Augustus 2011.

Die sperdatum vir die inbetaling van bydraes is 30 Oktober 2011, waarna die oorbetaling aan die Bybelgenootskap gedoen sal word. Die riglyn is dat gemiddeld R25 per lidmaat ingesamel moet word.

Mag die Here ons weer seën met ruim bydraes vir die belangrike saak.

Soli Deo Gloria
*Ouderling Abrie Lotter.*

## LIEF EN LEED & VOORBIDDING

- ***Sr. Vicky Scheepers*** is opgeneem in die Intensiewe Sorg-eenheid van Wilmed. Ons dink aan haar en br. Hendrik in ons gebede.
- ***Oom (ds.) Kosie Smit*** is baie verswak en ons dra hom en tannie Jans op in ons gebede.
- Dit gaan onder omstandighede beter met ***Pieter Steenkamp*** na sy hospitalisasie, maar hy wag nog op die uitslae van al die toetse wat gedoen is. Baie sterkte toegebid.
- Baie geluk aan ***Alf & Annabelle White*** met die geboorte van 'n dogtertjie (Miane) die afgelope week. Ons is dankbaar vir die gesondheid van ma en dogter.

## BYBELSTUDIES

Die *eerste byeenkoms* van die Sondagaandgroep is vanaand na die aanddiens in die konsistorie, en die *eerste byeenkoms* vir die Woensdagoggend-groep op Woensdag 11 Mei om 10:00 by die pastorie, waarna die datums soos op die kalender verder gevolg sal word. Belangstellendes is baie welkom en ons sal die eerste byeenkoms van beide die groepe gebruik om bietjie te gesels oor die studiewerk wat ons wil doen en die werkswyse wat ons sal volg.

## VERKIES AS OUDERLINGE EN DIAKENS

Die volgende lidmate is ter approbasie verkies:
***Ouderlinge***: Brs. Jan de Kock, André la Grange, Johan Friederich en Andre Hulshoff.
***Diakens***: Srs. Melinda de Kock, Annemarie Friederich en Karen Kirsten.



**Die sesde jaar**
Gedurende hierdie jaar gaan die student dikwels Sondae na verskillende gemeentes vir preekoefening. Hy moet egter ook bewys lewer van sy betrokkenheid by sy plaaslike gemeente: Wykbetrokkenheid, naweek betrokkenheid by die plaaslike gemeente, kwaliteit van dienswerk as diaken of ouderling, leiersrol in aspekte van die gemeentewerk, aanduiding in watter gemeentes op watter tye eredienste gelei is, aanduiding van nuwe preke wat gemaak is, aanduiding van liturgiese hantering van eredienste, vier weke praktiese werk in 'n toegewysde gemeente, beperkte betrokkenheid dwarsdeur die jaar by gemeente waar praktiese werk gedoen is. Die sesde jaar moet ook aandui hoe hy in die samelewing (studentelewe of andersins) betrokke is.

**Uit die Woord**
"Julle gees en gedagtes moet nuut word; lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig."
(Efesiërs 4:23-24)

**Wyse Woorde**
God is volmaak in wysheid en liefde. Ons bid dus nie om sy wil te probeer verander nie; ons bid om ons wil te verander sodat dit in harmonie met Syne kan wees.
(William Temple)

- Onder die indruk dat jy na vryheid strewe, word jy 'n slaaf van die sonde.
- Die Here beheer die tong in my mond. Soms hoor ek my tong dinge sê wat ek self moeilik vind om te glo, want ek is nie in volle beheer van my tong nie.
- Daar is nie 'n seer wat so seer is as om te dink wat kon gewees het nie.
- God se geduld is baie baie lank, maar die Bybel sê ten slotte sal dit tog opraak.
- Ongelukkigheid spruit nie voort uit wat ons ontbeer nie, maar uit ons onvermoë om dankbaar en tevrede te wees met wat ons het.

**Die derde jaar**

In hierdie jaar moet daar aanduidings wees dat die student 'n leiersrol kan begin speel. Die aspekte wat in aanmerking kom, is: wykbetrokkenheid, naweek betrokkenheid by die plaaslike gemeente, kwaliteit van dienswerk as diaken of ouderling, leiersrol in aspekte van die gemeentewerk, dienswerk in die uitdra van die evangelie en leiersrol hierin, organiseringsvermoë ten opsigte van jeugwerk en ander dienswerk, vaardigheid in kerklike vergaderings

**Die vierde jaar**

In hierdie jaar word geloofsvolwassenheid, getrouheid, goeie dissipline en kreatiwiteit by die student in sy praktiese blootstelling verwag. Die aspekte wat in aanmerking kom, is: wykbetrokkenheid, naweek betrokkenheid by die plaaslike gemeente, kwaliteit van dienswerk as diaken of ouderling, leiersrol in aspekte van die gemeentewerk, dienswerk in die uitdra van die evangelie en leiersrol hierin, organiseringsvermoë ten opsigte van jeugwerk en ander dienswerk, vaardigheid in kerklike vergaderings, aktiewe betrokkenheid by sending en evangelisasie. Twee weke se praktiese werk in 'n ander gemeente, toegespits op jeugwerk, betrokkenheid deur die jaar ten opsigte van jeugwerk by bogenoemde gemeente, blootstelling aan leesdienste.

**Die vyfde jaar**

Hierdie is 'n belangrike jaar vir plaaslike gemeentebetrokkenheid, omdat die sesdejaars baie naweke met preekoefeninge weg is. Blootstelling aan al die fasette van die gemeente opset in noodsaaklik: wykbetrokkenheid, naweek betrokkenheid by die plaaslike gemeente, kwaliteit van dienswerk as diaken of ouderling, leiersrol in aspekte van die gemeentewerk, dienswerk in die uitdra van die evangelie en leiersrol hierin, organiseringsvermoë ten opsigte van jeugwerk en ander dienswerk, vaardigheid in kerklike vergaderings, blootstelling aan hantering van gemeente se finansies, administrasie, ens. Aktiewe betrokkenheid by sending en evangelisasie. Twee weke se blootstelling aan die uitdra van die evangelie. Betrokkenheid dwarsdeur die jaar by die gemeente en omgewing waar die twee weke prakties gedoen is. Blootstelling aan leesdienste

Die vyfde jaar moet ook aandui hoe hy in die samelewing (studentelewe of andersins) betrokke is.



## VERSOEK: BYDRAES TOT HULPFONDS VIR TEOLOGIESE STUDENTE

Die Teologiese Skool in Potchefstroom ontvang elke jaar met groot dankbaarheid die kollektes wat die kerke gee vir die Teologiese Studentekas. Die Teologiese Studentekas word geadministreer deur 'n Kommissie vir Finansiële Ondersteuning (KFO), wat saamgestel is deur personeel van beide die Teologiese Skool en die Administratiewe Buro. Hierdie Kommissie gebruik elke jaar se Studentekas-kollektes vir teologiese studente wat om finansiële ondersteuning aansoek doen.

Dit blyk egter nou al vir die afgelope paar jaar dat die Studentekas-kollektes net genoeg geld oplewer om vir die behoeftige studente se klas- en registrasiegeld by de Universiteit te betaal. Daar is nie genoeg fondse om werklik behoeftige studente ook in hulle behoeftes ten opsigte van verblyf en lewenskoste te ondersteun nie.

Daarom het die vorige rektor van die Teologiese Skool, prof. Ben de Klerk, 'n **Hulpfonds** in die lewe geroep om te voorsien in besondere nood wat daar by ons teologiese studente opduik. Die nood kom klop op verskeie maniere aan:

- Daar is heelwat behoeftige studente wat geen finansiële ondersteuning van gemeentes, ouers, familie of vriende het nie. Die enigste ondersteuning wat hulle ontvang, is uit die Studentekas. Dit is die geval met verskeie studente uit die Afrikaanssprekende gemeentes van die GKSA. Met studente uit die anderstalige gemeentes is dit merendeels die geval. Boonop het ons ook studente van ander Gereformeerde Kerke elders in Afrika. Sulke studente het fondse nodig vir verblyf en ander lewenskostes, waarvoor die Studentekas op hierdie stadium nie voorsiening maak nie.
- Dit gebeur ook dat daar in die loop van die jaar finansiële nood as gevolg van bv. onverwagte mediese uitgawes by 'n student opduik. Soms gebeur dit ook dat 'n behoeftige student vir hulp kom aanklop omdat hy nie kos of klere het nie. In sulke gevalle moet daar fondse beskikbaar wees om te help.

Aan die begin van 2011 het die totale beskikbare bedrag van die Hulpfonds te staan gekom op R355 000. Die grootste deel daarvan moes aangewend word om die heel behoeftigste studente te help met verblyf en daaglikse lewensonderhoud. Hoewel die KFO met groot versigtigheid hierdie fondse aangewend het, is die nood so groot dat die fonds alreeds feitlik in geheel uitgeput is – en die grootste deel van die jaar lê nog voor.

(Vervolg bladsy 6)

**Aangesien die Hulpfonds aangewend word op 'n terrein wat dié van diakonale werksaamheid is, neem ons die vrymoedigheid om te vra dat diakonieë waar moontlik ernstig sal oorweeg om ruim tot hierdie fonds by te dra.**
Die KFO onderneem om gereeld, in 'n rondskrywe soos hierdie, die kerke op hoogte te hou van die stand en besteding van die fonds.

Vir u inligting verskaf ons die volgende besonderhede oor ons studente:

- Daar is in 2011 'n totaal van 68 studente by die Teologiese Skool wat op een of ander stadium van hulle opleiding is. Van die 68 studente is daar 50 wat uit Afrikaanssprekende gemeentes afkomstig is en 18 uit die ander gemeentes van die GKSA, waarvan 4 uit Zimbabwe kom.
- Die meeste van die 68 studente is afhanklik van finansiële ondersteuning vanuit die Studentekas om hulle studie te kan voltooi. Daar is egter 36 studente wat as werklik behoeftig beskou moet word, en wat min of geen ander ondersteuningsbron het nie.
- Van die 36 werklik behoeftige studente is 20 uit die Afrikaanssprekende gemeentes en 16 uit die ander gemeentes afkomstig.
- Van die 26 werklik behoeftige studente is 9 getroud, die meeste van hulle met een of meer afhanklike kinders.

Die koste van studenteverblyf in Potchefstroom is hoog. Die goedkoopste woonstelle kos ongeveer R1 800 per maand en die goedkoopste studentekamers ongeveer R1 200 per maand (elektrisiteit ingesluit).

Met 'n beroep op die gemeenskap van die gelowiges, soos onder andere verwoord in artikel 19 van ons Kerkorde, doen die Teologiese Skool 'n ernstige beroep op u om een of meer van die volgende te oorweeg:

(1) Dat die diakonie 'n bydrae tot die Hulpfonds maak;
(2) Dat die diakonie onderneem om 'n besondere verhouding met een van die werklik behoeftige studente aan te gaan en hom finansieel by te staan om sy studie te voltooi;
(3) Dat die diakonie die boodskap dalk vir lidmate wat graag op hul eie sou wil help en nie inligting het nie, deurgee.

Verdere navrae kan by een van die volgende gekry word:
gert.jordaan@nwu.ac.za
leo.vanschaik@absamail.co.za.



## TEOLOGIESE SKOOL POTCHEFSTROOM (TSP)

Die Teologiese Skool Potchefstroom het inligting verskaf oor praktiese blootstelling oor 6 jaar van teologiese studente, waarvan die gemeente kan kennis neem aangesien studente op 'n gereelde basis proefpreke in die gemeente het.

**Die plaaslike kerke**

Die belangrikste blootstelling wat studente gedurende die ses jaar behoort te kry, is in die plaaslike gemeente waarvan hulle lidmate is. Dan is die blootstelling nie net op die toerusting van die student gerig nie, maar ook op die bewaar en groei van die kerk. Die blootstelling behoort ook nie net op die kerk gerig te wees nie, maar daar moet ook 'n Koninkryksperspektief bykom. Die oordeel of genoegsame blootstelling wel plaasvind berus gesamentlik by die plaaslike kerk waar die student lidmaat is, die Rektoraat van die TSP en in die finale instansie by die Kuratore. Die student moet jaarliks 'n verslag voor die Voogdevergadering indien en die plaaslike predikante word versoek om ook tydens genoemde vergadering skriftelik rapporteer oor elke student se blootstelling aan die praktyk. Indien probleme gedurende die jaar opgemerk word moet dit onmiddellik by die Rektor van die TSP aangemeld word. Vir elke jaargroep word aan die hand van die onderstaande raamwerk 'n verslagvorm gegee.
Die ses jare word afsonderlik aangedui, hoewel daar aspekte is wat al ses die jare raak.

**Die eerste jaar**
Hierdie jaar word aan die volgende aspekte aandag gegee:
wykbetrokkenheid, naweek betrokkenheid by die plaaslike gemeente, dienswerk op enige manier in die gemeente, betrokkenheid by die uitdra van die evangelie. Hierdie aspekte raak veral kerklike blootstelling.

**Die tweede jaar**
In die tweede jaar kom die volgende aspekte in aanmerking:
wykbetrokkenheid, naweek betrokkenheid by die plaaslike gemeente, dienswerk op enige manier in die gemeente, betrokkenheid by die uitdra van die evangelie, kwaliteit van diaken of ouderlingswerk, hulp by organisering van jeugkampe, blootstelling aan ten minste een uitreikingsaktiwiteit van die gemeente
Die tweedejaar moet aandui hoe hy in die samelewing (studentelewe of andersins) betrokke is.

## DAGBESTUUR VAN DIE DIAKENS

'n Nuwe diakonale dagbestuur is saamgestel, bestaande uit:

- Cobus Booysen (voorsitter)
- Mariaan Aucamp (ondervoorsitter)
- Kotie Oosthuizen (kassier)
- Martie Venter (skriba)
- André Kirsten (addisionele lid).

Die afgelope kwartaal het die diakens aan 5 gesinne gedurende Januarie en Februarie 2011, asook 6 gesinne in Maart hulp verleen in die vorm van kospakkies. Twee gesinne is finansieel ondersteun. Die gemeente word hartlik bedank vir spesiale bydraes vir die diens van barmhartigheid, asook die spesiale projekte wat die diakonie van tyd tot tyd van stapel stuur.

## FACEBOOK GEREFORMEERDE KERK KLERKSDORP-NOORD

Dr. Sarel van der Walt, het met 'n nuwe inisiatief in die gemeente begin. Hy het die gemeente op facebook onder "***Die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord***" geplaas. Dit kan ook by die volgende webskakel gevind word**: http://www.facebook.com/pages/Die-Gereformeerde-Kerk-Klerksdorp-Noord/179785**
648733170. Daar is alreeds 'n groot aantal foto's en aksies te sien. Ook word nuusgebeure, sowel as lief en leed daarop, feitlik so vinnig as wat dit gebeur, gepubliseer. Om die nuus op jou eie muur te ontvang, moet jy net die "like"-knoppie druk. Gemeentelede word aangemoedig om op hierdie webblad in te skakel sodat ons ook op hierdie manier in mekaar se lief en leed kan deel. Moedig ook sommer die kinders ook aan om deel te neem. Die datums van byeenkomste en vergaderings verskyn ook daarop. Dit is vandag moontlik om facebook te sien as jy oor 'n selfoon beskik wat nie ouer as 4 jaar is nie. Die kinders kan ook sommer hulle ouers en oupas help om hulle op facebook te kry. Ons kan ook medelidmate uitnooi na jou eie profiel sodat ons meer met mekaar kan skakel. Facebook word deesdae baie algemeen by ander gereformeerde kerke vir hierdie doel gebruik. Baie dankie aan dr Sarel vir hierdie vindingryke geleentheid wat hy geskep het.



# Die Geneefse Psalmboek in Suid-Afrika

Toe Jan van Riebeeck in 1652 die verversingstasie aan die Kaap moes kom stig is die gereformeerde godsdiens aan die suidpunt van Afrika gevestig. Dit het beteken dat die gereformeerde kerklied in die praktyk van godsdiensbeoefening gebruik is. Prakties het dit beteken dat die mense aan die Kaap die berymde psalms van Datheen gesing het op die Franse melodieë van die Geneefse Psalmboek van 1562. Die praktyk van kerksang op daardie moment in Nederland, is aan die Kaap voortgesit.

## Die koms van die Hugenote

Toe die Hugenote in 1688 in Suid-Afrika aankom en hulle as gemeenskap gevestig het, kon hulle hoor dat die kerklied wat in die eredienste en samekomste gesing is, vir hulle baie goed bekend is want daar is gesing uit hulle eie Psalmbundel, die alombekende Geneefse Psalmboek van 1562.

## Die praktyk van die sing van Psalms

- Psalms is in die vroeë tye van ons landsgeskiedenis, nie net in die eredienste gesing nie.
- Daar is spontaan in die huise gesing as daar huisgodsdiens gehou is.
- In die skole het die kinders ook onderrig ontvang in die sing van Psalms in daardie vroeë jare. Die kinders is aanvanklik geleer om die Datheense Psalms te sing, op die bekende melodieë van die Geneefse Psalmboek.
- Daar word vertel dat teen die einde van die 18de eeu het iemand soos "dominee" Georg Knoop, die kinders in Stellenbosch die psalms leer sing deur hulle op sy viool te begelei.
- Wat van groot belang is, is dat die kerksang voortgegaan het op die spoor van die Geneefse Psalmboek, wat steeds die bron is waaruit menige psalmmelodie in ons eie Psalmboek kom.

## Die bekende melodieë

Prof G.G. Cillie skryf dat die Geneefse Psalmboek 'n pragtige eenheid gevorm het, omdat die melodieë feitlik deurgaans die skeppings van slegs twee persone was, nl: ***Louis Bourgeois*** en ***Mâitre Pierre***. Hierdie eenheid het offisieel vir ons gedurende byna vier eeue bewaar gebly, totdat die vertaling van die berymde Psalms in Afrikaans plaasgevind het. Ongelukkig het daar op die gebied van kerksang in die loop van die tye ongunstige melodieë ingesluip wat die sang ongunstig beïnvloed het.

*Dr. Nico van der Merwe*

## TOER NA TURKYE

Daar is nog plek vir vier mense op die toer na Turkye wat op 2 September 2011 vertrek. Skakel met vir Dr. Deon Lartz as u graag hierdie belewenis wil meemaak om op die voetspore van Paulus te stap. Kontakbesonderhede: deonlartz@absamail.co.za of sel: 082305772..

## WEBWERF VAN DIE GEMEENTE

Diak. Konstand du Plessis vra uit die gemeente voorstelle vir die opgradering van die webblad van die gemeente. Dit kan aan hom gestuur word na web@gkklerksdorpnoord.co.za.

## GEMEENTEBOU- EN GELOOFSVERRYKING

'n Daguitstappie wat oorspronklik vir 16 April 2011 beplan is, is deur die ontvangs van dr. SP van der Walt vervang. 'n Ander geleentheid sal nou vir September 2011 DV beplan word.

### LIEDERE WAT IN DIE EREDIENSTE GESING WORD

**Sondag 8 Mei 2011**

| | Oggenddiens 09:30 | | Aanddiens 18:00 | |
|---|---|---|---|---|
| | Lied | Bladsy | Lied | Bladsy |
| 1. | Skrifberyming 1-2: 1, 2, 3 | | Psalm 89:1&,3 | Bl. 444 |
| 2. | Psalm 40:4 | Bl. 205 | Psalm 23:1 & 3 | Bl. 107 |
| 3. | Psalm 89:6 | Bl. 445 | Skrifberyming 10-2:1 | |
| 4. | Psalm 146:2 | Bl. 700 | | |


- Kennis is beperk. Verbeelding omvat die heelal (*Albert Einstein*).
- Wanneer God sê: "Vandag", sê die duiwel "Môre" (*Martin Luther*).
- Hoe trotser ons is, hoe meer verag ons trots in ander (*CS Lewis*).











## KOLLEKTES

| Datum | By die diakens | Sakkies by die deure |
|---|---|---|
| 8 Mei | Barmhartigheid | Christelike Onderwys |
| 15 Mei | Barmhartigheid | Bybelverspreiding |
| 22 Mei | Barmhartigheid | Emeritaatsversorging |

## GEMEENTEPROGRAM

Sondag 8 Mei tot Saterdag 14 Mei 2011

| | | |
|---|---|---|
| Sondag 8 Mei 2011 | Oggenddiens | 09:30-10:30 |
| Sondag 8 Mei 2011 | Katkisasie Les 12 | 10.30-11:00 |
| Sondag 8 Mei 2011 | Erediens | 18:00-19:00 |
| Sondag 8 Mei 2011 | Bybelstudie | 19:00-20:00 |
| Woensdag 11 Mei 2011 | Bybelstudie | 10:00-11:00 |

## TEESKINKBEURTE

| | |
|---|---|
| Sondag 8 Mei 2011 | Wyke 5 & 6 |
| Sondag 15 Mei 2011 | Wyke 7 & 8 |
| Sondag 22 Mei 2010 | Geen teeskink - Nagmaal |

## VERJAARSDAE

| | | | |
|---|---|---|---|
| 8 Mei | Johan du Toit | Wyk 21 | 018-468-1361 |
| 8 Mei | Marietjie van Aswegen | Wyk 25 | 018-468-1272 |
| 8 Mei | Karin du Plessis | Wyk 27 | 084-850-0877 |
| 9 Mei | Thinus Booysen | Wyk 27 | 018-462-2290 |
| 10 Mei | Lisa Smit | Wyk 11 | 018-469-1884 |
| 14 Mei | Dawid Roux | Wyk 21 | 072-460-2535 |
| 14 Mei | Anna Fourie | Wyk 27 | 083-555-4028 |
| 14 Mei | Veronica Senekal | Wyk 26 | 018-468-1272 |
| 14 Mei | Hantie van Antwerp | Wyk 17 | 082-467-4907 |
| 14 Mei | Dries Grobler | Wyk 19 | 072-799-9782 |

Ons wens julle 'n baie aangename en geseënde verjaarsdag toe.

- Die duiwel is 'n baie skerp teoloog (*Johannes Calvyn*).
- Ons werk om iets te word, nie om iets te besit nie (*Don Hebb*).
- Waar daar waarheid is, daar is God (*Miguel de Cervantes*).